
# Bybel Avonture vir Jong Lesers

LES 18



## Iemand om my die Pad te Wys

### Ek kan teks Lees

**"Stel julle vertroue in die Here julle God, en julle sal vas staan. Stel julle vertroue in Sy profete, en dit sal goed gaan met julle."**
**— 2 Kronieke 20:20**

### My Storie


Mnr Lee dra altyd 'n hoed, loop altyd met 'n kantien vol water, en weet altyd watter pad noord is. Hy kan 'n voël identifiseer deur te kyk na die manier waarop dit vlieg en vir jou sê watter sampioene is veilig om te eet en wat jou sal siek maak. Die belangrikste van alles is, hy weet hoe om jou te neem waarheen jy wil gaan.
Wie is Mnr Lee? Laat ek hom aan jou voorstel. Ek en my familie het kampeer in 'n wildernisgebied waar daar geen paaie is nie, geen tekens nie, geen dorpe nie, geen restaurante nie, niemand nie! So ver soos wat jy kon sien, was daar net rowwe paaie, groot berge en stromagtige riviere.

Nadat ons kamp opgeslaan het en terwyl Ma besig was om iets vir ons te maak om te eet, het ek besluit om voëlkyk te gaan doen. So ek gryp my betroubare verkyker en stel alles reg om oor die veld te kyk. Ek weet dat solank ek my kampplek nog in sig het, sal ek orraait wees en nie verdwaal nie. Maar toe kom ek reguit in kontak met 'n rooi-kop houtkapper. Dit is werklik pragtige voëls met rooi vere op hul koppe, met swart en wit vere wat hulle liggame bedek.

Ek jaag toe hierdie voëls agterna diep in die bos in, toe besef ek skielik dat ek nie net meer die voëls kan sien nie maar ek kan ook nie ons kamp meer sien nie. Ek weet nie eens waar ons kamp is nie. Met ander woorde, ek is verlore!

So, daar sit ek by 'n boom wat omgeval het en ek dink by myself ek is die domste kampeerder in die hele wêreld. Dis toe wat ek iets hoor wat deur die bosse kruip. Met my geluk, was dit waarskynlik 'n honger beer of 'n kwaai leeu. Dis toe wat ek vir Mnr. Lee ontmoet het. Hy kyk af na my en glimlag. "Jy lyk verlore," sê hy. "Wil jy hê ek moet jou wys hoe om terug by jou jou kamp uit te kom? "

Terwyl ons saam loop, vertel Mnr. Lee my van sommige van die tipe bome in die bos, en oor sommige van die diere wat daarin woon. Hy is 'n parkwagter, 'n man wat gewoond is om verlore voëlkykers te vind. Op pad na ons kampterrein wys hy my hoe om uit te vind waar ek is, waar ek was, en waarheen ek oppad is. Ek luister aandagtig, om in die bos verlore te wees, is verskriklik, en ek beplan nie om dit weer te doen nie. Later die aand, terwyl ma, pa en ek langs die kampvuur sit, sê my pa, "dat meneer Lee 'n goeie profeet is." "Profeet?" Vra ek. "Jy bedoel soos in die Bybel?" 'Verseker', sê Pa. "Profete is gidse wat verlore mense help - en selfs uitvind wat met verlore nasies gebeur het. Dan help hulle, hulle om terug te kom op die regte pad en te wees waar hulle veronderstel is om te wees. God het baie profete gehad. Samuel, Elia, Daniël, en ons eie Ellen White. En God kies nie 'n persoon om sy profeet te wees volgens hom of haar geloof of ouderdom nie, maar omdat hulle gewillig en gretig is om mense te help. Jy kan ook 'n profeet vir Hom wees. Ek knik stadig. Dit klink soos 'n goeie idee. Dit moet regtig goed voel om 'n profeet te wees! Daardie middag het ek geleer hoe goed dit voel om weer terug na jou huis toe gelei te word nadat jy verlore geraak het.



## Pret Feite

**KLOP KLOP...**

*• Houtkappers kan tot 20 keer pik per sekonde, of 'n totaal van 8,000-12,000 pikke per dag.*

*• 'n Houtkapper se tong is tot 4 duim lank, en dit draai om sy skedel.*




**PYNVRY?**

*Houtkappers kry nie hoofpyn nie. Hulle het skedels wat versterk is om die impak te versprei en hul brein is met stywe kussings beskerm.*

'N Profeet is soos 'n gids wat iemand kan help en lei om van waar hulle tans is te kom waar hulle moet wees. Soms weet profete oor die toekoms omdat God dit aan hulle geopenbaar het. Wil jy 'n profeet wees? Hier is 'n speletjie om jou te help om dit te doen! Voltooi **DOOLHOF #1** hieronder. Dan nooi 'n vriend uit om **DOOLHOF #2** te doen sonder om hom of haar **DOOLHOF #1** te wys. Dit is dieselfde as die eerste doolhof, maar jy het alreeds geleer hoe om dit te doen. Wees 'n gids en lei jou vriend deur vir hulle maniere voor te stel of om hom of haar te vertel hoe hulle dit kan voltooi. Jy kan byvoorbeeld sê: "Jy moet regs daar draai." Of jy mag sê: "Om hier regs te draai is nie 'n goeie idee nie." Jy kan selfs sê, "Jy wil hê hulle moet na hierdie posisie toe gaan, dus moet hulle regs of links of bo of onder draai? "Moenie die doolhof vir hulle voltooi nie. Lei hulle eerder met nuttige woorde en aanmoediging. Dis wat 'n profeet doen.

## DOOLHOF #1


Begin



Einde

## DOOLHOF #2

Begin



Einde

Kyk na hierdie twee teksverse in die **BIBLIOTEEK** en vul dan die ontbrekende woorde in.

**Wanneer gebruik God profete om Sy mense te lei?**

"Die Here God ___________ niks as Hy nie sy ___________ bekend gemaak het aan sy dienaars die ___________ nie" **(Amos 3:7).**

**Wanneer 'n profeet praat, wie se woorde spreek hy of sy werklik?**

"Want geen ___________ is ooit deur die wil van 'n ______________ ____________ nie. Nee, deur die ___________ ____________ meegevoer het mense die woord wat van ___________ kom, verkondig" **(2 Petrus 1:21).**



## My Gebed

**Dankie, God, vir die stuur van die profete om ons te help om ons pad te vind terug na U wanneer ons in sonde verlore gaan. As U my nodig het, sal ek U profeet ook wees. Sê net vir my wat U wil hê ek moet doen. Net soos Samuel, sal ek luister. Amen.**



## Biblioteek

- "Die Here God doen niks as Hy nie sy besluit bekend gemaak het aan sy dienaars die profete nie." **(Amos 3:7).**
- "Want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie. Nee, deur die Heilige Gees meegevoer, het mense die woord wat van God kom, verkondig." **(2 Peter 1:21).**



## My Vriend Ellen Skryf

***"Ons hoef nie mislei te word nie; want die woord van God gee aan ons 'n getuienis sodat ons weet wat die waarheid is "(Review and Herald, 23 Februarie 1892).***

Omdat God met ons deur Sy profete praat, kan ons altyd weet watter idees is waarheid en watter idees is Satan se leuens.